HOËRSKOOL RANDBURG

SLAGGEREED

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 71 van 2026**

9 Junie 2026

Geagte Ouer/Voog

**HOËRSKOOL RANDBURG: GHOLFDAG FONDSINSAMELING 2026**

Ons jaarlikse **gholfdag fondsinsameling** is om die draai en ons is opgewonde om julle weer deel te maak van hierdie belangrike projek. Die gholfdag is een van die hoogtepunte op ons kalender en speel 'n groot rol in die finansiering van verskeie skoolprojekte en verbeterings.

Hierdie jaar hou ons weer 'n **klaskompetisie** waaraan alle leerders sal deelneem. Elke klas het 'n **doelwit van R5 000** se bydraes (in kontant of items). Die klasse wat hul teiken bereik, sal met 'n uitstappie beloon word – gedurende skooltyd!

Ons vra u ondersteuning deur in een of meer van die volgende vorme 'n bydrae te maak:

- **Kontantdonasie**
- **Bottels wyn** vir die wynveiling
- **Borg van 'n gholfputjie** teen R5000
- **Pryse of geskenke** vir die gholfdag (bv. geskenkbewyse, produkte, ens.)

Om u bydrae aan te dui, voltooi asseblief die onderstaande vorm en stuur dit saam met u kind terug na hul registeronderwyser.

---

**Ek/Ons wil graag tot die Gholfdag Fondsinsameling bydra:**

☐ Kontantdonasie van R________

☐ Bottels wyn (aantal): ______

☐ Ek/Ons wil 'n putjie teen R5000 borg

☐ Ek/Ons skenk 'n prys/geskenk (beskryf asseblief): ____________________

Naam van ouer/voog: __________________________

Naam van leerder: __________________________

Graad en klas: _____________________________

Kontaknommer: ____________________________

---

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

Ons waardeer u ondersteuning opreg. Elke bydrae, groot óf klein, maak 'n verskil.

Vriendelike Randjiegroete

| | |
|---|---|
| E. Gouws<br>Adjunk-hoof: Finansies | P. Booysen<br>Skoolhoof |